Kamp 25 tot 28 Februarie 2010

Ons het die sessie oor romanse gehad waar ons vir Jesus moes vra om ons te romance. Ek is uit en het op die balkon gaan sit en vir Jesus gevra om my tog ook asb te romance.

Ek het ‘n wolkie gesien wat gevorm was in ‘n dolfyn…my gunsteling dier! Ek het eers gedink wat ‘n toeval, maar toe verander die wolkie in ‘n hasie, vlakvark en toe ‘n mens met ‘n skaduwee wat soos ‘n kruis lyk. Die wolkie het toe vinnig verdwyn asof hy weg van my af beweeg. Ek kry toe in my hart Hooglied 4. Ek maak my Bybel oop en ek lees…”Jy is mooi, my liefling, jy is mooi, …”

Die volgende dag wys Jesus vir my hoe ek altyd vir my kinders prentjies van diere teken om hulle te vertroos soos toe my oudste in die hospitaal was. My hart was seer en ek het gevoel ek het Hom so teleurgestel oor al die besig bly wat toe al die tyd nie oor Hom was nie, maar om te voel ek is ook iets werd. Hy het vir my prentjies met die wolke gemaak om my te vertroos…en die liefdesbrief was om my te romance.

Ek het perd gery, geskiet, gehuil, gelag, stil geword….weer by Jesus se voete gesit sonder my masker…gesond geword. Ek weet die gesond word is ‘n reis en ‘n proses. Ek weet ek het nog baie werk nodig, maar ek is rustig. Ek weet ek is deel van ‘n groter prentjie en dat ek nodig is!

Baie dankie Carin. Dankie vir jou gehoorsaamheid. Dankie dat jy net jy was…eerlik en opreg.

Baie liefde

Antoinette Holtzhauzen